# DIE GODSGETUIENIS VAN AMOS.

Wat ons, mense van die moderne tyd, besonder interesseer is die persoon van Amos. Wat was sy bedryf, waar het hy gewoon, het hy vrou en kinders gehad, uit watter kring het hy afgestam, hoe het dit alles gewerk op die vorming van sy persoonlikheid, op die vorm en miskien selfs op die inhoud van sy prediking, op sy roepingsbesef en

sy hele optrede? Die liefste sou ons portrette sien; van sy ouers en voorouers, van sy naaste familie, van homself bo-al, van sy woning en omgewing, Amos in sy bedryf, Amos op reis na die terrein van sy eerste werksaamheid, Amos en sy gehoor by sy eerste prediking, Amos en die botsing met die hoof van die geestelikheid in die koninklike heiligdom van Bet-el, Amos terug na sy ou verblyf en bedryf, Amos aan sy skryftafel. Graag sou ons dan ook nog weet hoe Amos gesterf het, wie by sy uitvaart aanwesig was en watter monument op sy graf opgerig is.

Wat vir ons, nuuskierige twintigste-eeuers, so uiters belangrik lyk, het vir diegene wat ons die woorde van sy prediking oorgelewer het, na dit wil voorkom nie so baie betekenis gehad nie. Baie sober en onvolledig is die berigte oor die besonderhede van sy persoon en lewe. Net met een vers word die profeet aan ons voorgestel (1 : 1), en dan is daar nog agt verse oor een belangrike moment in sy loopbaan (7 : 10—17) — dit is al.

Die gegewens aangaande die persoon van Amos wat ons in die eerste vers van die geskrif wat sy naam dra, gegun word, is die volgende. Eerstens word die tyd van sy optrede genoem, deur die twee gelyktydige konings te vermeld: Ussía van Juda en Jerobeam II van Israel — waardeur ons weet dat die profeet in die veertig jare tussen 785 en 745 of 780 en 740 geleef en gewerk het, in die eerste helfte dus van die agtste eeu voor Christus; maar presies gedurende watter jare van hierdie veertigtal, bly onbekend. Sy jongere tydgenote en die eerste geslagte na hom het die jaar van sy optrede gedateer na 'n geweldige aardbewing, die skrik waaroor ook in Sagaria 14 : 5 naklink, en waarin sy tydgenote voorseker 'n eerste vervulling van sy oordeelsprofesie gesien het; maar die jaar van hierdie verskrikking is vir ons nie nader bepaalbaar nie.[1]) Die tweede gegewe is aangaande die persoon van Amos. Nie eers die naam van sy vader word genoem nie; net alleen tot watter maatskaplike groep die profeet voor sy roeping behoor het. En ook hierdie beroep van Amos kan ons nie al te noukeurig bepaal nie. „Een van die skaapboere van Tekóa" so

[1]) Flavius Josefus (37-100 n.Chr.), die Joodse geskiedskrywer, bring die aardbewing in verband met die in II Kronieke 26 : 16 vv. verhaalde straf oor die inbreuk van koning Ussía op die priesterlike voorreg van reukoffer bring in die Tempel, waardeur hy melaats geword het (sien Joodse Oudhede IX, 10, 4; indeling Niese en Thackeray-Marcus IX, 225; Nederduitse uitgawe van W. Sewel na vertaling van d'Andilly, Amsterdam by Johs. Oosterwijk 1722, IX, 11, 400). Die melaatsheid word hier toegeskryf aan 'n sonstraal wat deur die geskeurde tempeldak op die gesig van die koning val. Die aardbewing sou dan tien jaar voor die dood van koning Ussia plaasgevind het. Ook ander Joodse bronne lê hierdie verband (vgl. M. Rahmer, Hieronymus' Commentar zu den zwölf kleinen Propheten in Vergleichung m.d. jüdischen Quellen, Berlin, Poppelauer, 1902, Amos, S. 3; en L. Ginzberg, Legends of the Jews, 1913-1928, IV 262, VI 358 note 30 — laaste aanhaling volgens R. Marcus, Josephus, Harvard Univ. Press, 1937, p.118, note e, p.119 note f.)

lui sy introduksie. Was hy 'n vermoënde man? Koning Mesa van Moab word in 2 Konings 3 : 4 ook „skaapboer" genoem;[2]) hy het jaarliks aan skatting aan die koning van Israel gelewer: honderd duisend lammers, en honderd duisend ramme se wol. Dan sal hy ook nog wel 'n paar honderd duisend vir homself behou het. Maar sulke „skaapboere" het die dorpie Tekóa seker nie een gehad nie. En Amos was nie meer as een van hulle nie. In 7 : 14 noem Amos sy bedryf met 'n ander woord, wat met die woord vir groot vee samehang.[3]) Was Amos dan ook nog beesboer? Die Afrikaanse vertaling wil hierdie onwaarskynlike opvatting voorkom deur die vertaling „vee-wagter," maar ek vrees dat ons hiermee aan Amos onreg doen. 'n Meer neutrale vertaling soos „veeboer" lê hier seker meer voor die hand.

Dan noem Amos in dieselfde vers nog 'n werksaamheid van hom, waarskynlik 'n bykomstige bedryf. Ook hier laat die gegewens ons in die steek om sy stand en posisie daarna te bepaal. En ook hier is die Afrikaanse vertaling „kweker van wilde vyebome" myns insiens nie te duidelik en nie te gelukkig nie. Amos spreek nie van wilde vyebome nie en hoogswaarskynlik noem hy homself ook nie kweker nie.[4]) In alle geval vind die introduksie van die profeet in 1 : 1 hierdie werksaamheid nie belangrik genoeg om dit spesiaal te vermeld nie: Amos was net maar een van die boere van die aan woestyn grensende distrik, wat na die dorpie Tekóa genoem is.

Die boek wat sy naam dra, vind sy prediking belangriker as sy persoon. Dit gee vir die nageslag nie die geskiedenis van Amos nie, dit gee „die woorde van Amos."[5]) Dit was ook nie sy eie woorde, wat uit sy eie intellek of uit sy eie hart of uit sy eie fantasie voortgekom het nie. Dit was, na die eienaardige Hebreeuse uitdrukking: „woorde wat hy aanskou het", wat dus objektief voor hom gekom het, wat voor hom verskyn het, wat aan hom gegee is uit 'n hoëre werklikheid, uit 'n ander wêreld as sy eie gedagtewêreld of dié van sy volk. Hierdie woorde het, eers vir Amos self en deur hom vir sy volk 'n werklikheid geopenbaar, wat sy hele persoon aangegryp het in 'n uiterste beklemming, soos wanneer 'n mens onverhoeds oorval word deur die gebrul van 'n leeu en sy hele wese tot in al die vesels van sy bestaan daardeur 'n uiterste spanning geraak.

„Die HEER brul uit Sion!" Hierdie alarmkreet staan as die kort

[2]) Hebr.: nōqēd.

[3]) Hebr.: bōqēr van bāqār; dis die enigste maal dat hierdie woord in die Ou Testament voorkom.

[4]) Sien 'n volgende artikel van my hand oor die daelikse bedryf van Amos.

[5]) KARL CRAMER, Amos. Versuch einer theologischen Interpretation. Beiträge zur Wissenschaft vom Alten und Neuen Testament, III. 15, Stuttgart, Kohlhammer, 1930, bl. 24: Die opskrif sê vir ons: die „woorde" wat aan Amos gegee was, nie sy persoon nie, behoor ons te interesseer.

inhoud van Amos se hele prediking aan die begin van sy boek. Die nadruk in hierdie sinjaalroep lê volgens die Hebreeuse woordskikking op die onderwerp en op die werkwoord, op: „die HEER" en op „brul". Wat Amos gee is 'n Godsgetuienis; in dubbele sin: 'n getuienis van God en 'n getuienis aangaande God. Aangaande God — want die aller-allereerste woord van sy boek is: „Die HEER"; van God — immers die tweede uitspraak wat ons van Amos oorgelewer word is: „So sê die HEER." Ons sal die woorde van Amos nooit verstaan nie as ons dit uit die oog verloor. Wie en wat hy persoonlik eintlik was, is van minder of geen belang; enig en uiters belangrik is dat hy 'n van God gegrepene was: „die HEER het my weggeneem" (7 : 15), sy God het hom aangegryp en weggedryf uit sy rustige, daelikse bedryf; hy het die gebrul van „die Leeu" gehoor, wat gereed staan sy volk te bespring — wat kan hy anders doen as alarm skree: „Die leeu het gebrul—wie sal nie vrees nie? Die Heer HERE het gespreek—wie sal nie profeteer nie?" (3 : 8).

* *
*

Dit is besonder merkwaardig dat die skaapboer van Tekóa eers spreek van *God en die volkerewêreld*, God in die internasionale verhoudings (1 : 3 — 2 : 3). As God in die lewe van die skaapboer kom, dan leer hy verder sien as die grense van sy volk. Dis opmerklik hoeveel volke uit die wêreld van sy dae in die woorde van Amos voorkom: die Arameërs, die Filistyne, die Fenisiërs, die Edomiete, die Ammoniete, die Moabiete (1 : 3 vv.), Egipte en Etiopië (3 : 9, 9 : 7); en van hoeveel stede en streke in die buiteland hy op die hoogte is: Damaskus, die Awen-dal, Bet-Eden, Gasa, Asdod, Askelon, Ekron , Tirus, Teman, Bosra, Rabbat-Ammon, Kerijot-Moab (1 : 3 vv.), Kalné, Hamat-rabba, Gat (6 : 2), Kir en Kaftor (9 : 7). Van die Soedan tot Noord-Sirië, van Kreta tot die Ooste van Voor-Asië strek die radius van sy belangstelling.

Die volkere word deur die God van Amos opgeroep om in mekaar belang te stel en van mekaar se lotgevalle te leer: „Roep uit bo die paleise van Asdod en bo die paleise van die land van Egipte en sê: Versamel julle op die berge van Samaria en aanskou die groot wantoestande[6]) in sy midde en die verdrukkinge daarbinne" (3 : 9). Andersyds word die bewoners van Sion en Samaria opgewek: „Trek deur na Kalné en kyk, en gaan vandaar na Hamat, die grootstad, en trek af na Gat van die Filistyne!" (6 : 2). Dis die hand van God

[6]) By die aanhaling van tekste sluit ek my soveel moontlik aan by die huidige Afrikaanse Bybelvertaling, maar gaan ek natuurlik uit van die oorspronklike teks en wysig ek die Afrikaanse vertaling waar ek meen dit te kan verbeter. So lyk my in die begin van hierdie teks „bo die paleise" juister as „in die paleise", en „wantoestande" beter as „beroering".

wat die groot volksverhuisings lei, van hulle oorsprongsland na die land van hulle bestemming: „Het Ek nie die Filistyne uit Kaftor en en die Arameërs uit Kir laat optrek nie?" (9 : 7).

Maar wat die profeet van God die meeste op die hart lê, is die verkondiging: die wêreldgeskiedenis is die wêreldgerig. Dit is die boodskap waarmee die prediking van Amos begin (1 : 3—2 : 3). Elke profetiese uitspraak van drie of twee verse in hierdie gedeelte is soos die gebrul van 'n leeu, soos die gerommel van 'n naderende onweer, ewe eentonig en ewe angswekkend.[7]) „Hierdie uitsprake oor die volke hamer monotoon en tog in so lewendige afwisseling die erkentenis in, dat daar geen ontkome aan God is nie; Hy bring die sonde tuis orals en aan elkeen." [8]) „Hierdie soos in klip gekapte sinne is in hulle monotone gelykmatigheid soos die afroep deur die geregsdienaar, wat telkens weer 'n ander aangeklaagde en skuldig bevondene na die strafvoltrekking verwys." [9])

Met die keervers aan die begin van elke uitspraak word die onherroeplikheid beklemtoon: „Oor drie oortredinge van hierdie volk, ja oor vier sal Ek dit nie afwend nie." Die toon en gees van hierdie keervers, hierdie skuldigverklaring deur die Volkereregter, kan ons die beste weergee deur die vrye vertaling: „Oor sonde op sonde van hierdie volk, kan Ek die vonnis nie herroep nie." [10])

Telkens word dan een sonde uit die vele met name gesinjaleer. So leer ons wat die God van Amos die ergste misdrywe ag in die verhoudings tussen die volkere. Hulle is: troubreuk en verdragskending, verslawing en versleping van hele bevolkings, barbaarsheid in oorlogsvoering en piëteitlose behandeling van die oorwonnene tot selfs na sy dood. „Ook die volkere moet hulle in hulle samelewing en selfs in hulle oorlogvoering hou aan die sedelike wil van die hoë God. Daarby veroordeel die profeet in sy werklikheidssin nie die oorlogvoering self nie, maar wel die gruwel van onmenslike wreedheid." [11]) Reeds van die heidenvolke in daardie vroeë eeue word verwag — ook al het hulle nie 'n besondere openbaring van Gods geregtigheidswil ontvang soos Israel en die Christenheid nie — dat hulle die eise van die humaniteit en van verbondstrou in ag neem, soos Paulus agt eeue later geleer het: „Die werk van die Wet staan in hulle harte geskrywe, hulle gewete gee getuigenis, hulle gedagtes beskuldig of ook verontskuldig mekaar" (Rom. 2 : 15). Daarom, omdat „wat van God geken

---

[7]) L. H. K. BLEEKER, De kleine Profeten I. Hosea. Amos. Tekst en Uitleg. Groningen, Wolters, 1932, bl. 63.

[8]) CRAMER, bl. 88.

[9]) So ongeveer CRAMER, bl. 194.

[10]) Vergelyk JAMES MOFFAT, A New Translation of the Bible, Londen, Hodder & Stoughton, 1924, revised 1935: „After crime upon crime of.... I will not relent."

[11]) P. VOLZ, Prophetengestalten des Alten Testaments. Sendung und Botschaft der alttestamentlichen Gotteszeugen. Stuttgart, Calwer Verein, 1938, bl. 155.

kan word, in hulle openbaar is," word „die toorn van God geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense" (Rom. 2 : 18, 19).

* *
*

Maar wat hier oor God en die volkerewêreld getuig word, is slegs 'n voorspel van wat Amos te sê het oor *God en „sy" volk*. Die slae van Gods oordeel val links en regs, maar die swaarste slag is bewaar vir die eie volk van God. As die geregsdienaar van God die beskuldigde „Israel" oproep, dan is sowel die lys van beskuldigings as die lys en maat van die strawwe die grootste en swaarste (2 : 6—16). „Al die voorafgaande was slegs voorbereiding. Om aan Israel sy sonde, skuld en straf aan te sê, het dit begin. Deur dieselfde keervers skakel die profeet die selfbewuste en hoogmoedige Israel in die ry van die volke, wie se vonnis hulle miskien met instemming verneem het. En nou word, inpleks van een sonde, 'n heel sonderegister aan Israel ten laste gelê." [12]) Dis soos die Natanswoord tot koning David: „Jy is die man!"

Die besondere betrekking tussen God en die volk Israel word deur Amos nie ontken nie. Inteendeel, hy wys op al die hoofmomente van die besondere leiding van God in die volk se geskiedenis: die verlossing uit Egipte, die leiding deur die woestyn veertig jare, die wonder van die verowering van Kanaan op so 'n sterk volk as die Amoriete, die geestelike leiding en handhawing van die hoogste goedere van die volk deur sy profete en andere Godgewydes (2 : 9—11).

Al hierdie besondere leidinge en gawes van God aan Israel kan saamgevat word in die woord: verkiesing. Die twee merkwaardigste woorde van Amos hieroor is 3 : 2 „Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aardbodem; daarom sal Ek by julle besoeking doen oor al julle ongeregtighede!" en 9 : 7 „Is julle vir My nie soos die kinders van Moreland[3]) nie, o kinders van Israel? spreek die HEER. Het Ek nie Israel laat optrek uit Egipteland en die Filistyne uit Kaftor en die Arameërs uit Kir nie?"

Hierdie twee uitsprake skyn volkome teenstrydig te wees. In die eersgenoemde word die verkiesing baie uitdruklik gestel („ken" is een van die oudste uitdrukkings vir die verkiesing in die Ou Testament[14]), in die laasgenoemde skyn al die betekenis en voorregte van die verkiesing vir Israel geloën te word. En selfs in die eersgenoemde uitspraak skyn die verkiesing maar net die skuld en straf van Israel te verswaar. En die straf is, soos in die reeks van visioene (H. 7—9)

---

[12]) BLEEKER, bl. 70.
[3]) Ek verkies hierdie vertaling, of „Etiopiërs", bo „kinders van Kus."
[14]) Sien ook CRAMER, bl. 55 vv.

duidelik word, soveel as die vernietiging van die hele volksbestaan — dus die opheffing of mislukking van die verkiesing?

Volgens VOLZ het Amos as aanvanger van de groot profesie van die agtste eeu 'n dubbele stryd gevoer; 'n stryd teen die priesters wat ingedring het tussen God en die volk, en 'n stryd teen die verkiesingsgeloof van die volk, soos dit veral deur die „volkse", die patriotiese profete aangewakker is. „Met sy aanval op die verkiesingsgeloof het Amos die toenmalige vroomheid in die hart getref, die verkiesingsgeloof was immers die eie goed van die Godsvolk, sy kenteken en belydenismerk." [15]) En volgens 9 : 7 lyk dit of Israel gladnie 'n besondere verhouding tot God het nie.

Hoe moet ons dit verstaan? Die „dat", die feit van die verkiesing, word volmondig erken (3 : 2a), maar dit gaan om die „hoe" van die verkiesing, sê VOLZ. Ons kan nog beter sê: dit gaan om die „waartoe" van die verkiesing. „Die verkiesing bring nie 'n hoogste maat van aansprake en regte mee nie, maar 'n hoogste maat van verantwoordelikheid"; soos Jesus sê in Lukas 12 : 48: „Elkeen aan wie veel gegee is, van hom sal veel gevorder word; en aan wie veel toevertrou is, van hom sal oorvloediger geëis word." „Amos ruk sy volk die blinddoek van die oë en toon aan dat die verkiesing beteken: 'n gaan op 'n smal bergkam langs steil afgronde." [16])

„Loochent Amos (in 9 : 7) Israëls verkiezing? Dat is ondenkbaar; zijn opdracht luidde immers: Ga heen, profeteer tegen *Mijn* volk Israël (7 : 15). Maar als God verkiest, dan roept Hij tegelijk. Hij verkiest met het oog op de roeping." (BLEEKER).

Die uitleiding uit Egipte was bedoel as 'n verkiesingsdaad, 'n verbondsluiting. Maar as Israel nie die konsekwensies daaruit wil trek nie, en die verbondsverpligtings nie in ag neem nie, dan het daardie verlossingsdaad nie meer betekenis nie as die verhuising van die gehate Arameërs uit hulle oorsprongsland of van die onbesnede Filistyne uit Kreta.[17]) Die uitleiding uit Egipte as bloot historiese feit, gee aan Israel geen regte of voorregte nie; „exodus-volke" is ook die Filistyne en Arameërs. [18]) Israel op homself beteken vir God nie meer as die veragte swart Etiopiërs nie.

Die skynbare teenspraak van hierdie twee uitsprake van Amos en die spanning wat dit teweegbring, is dieselfde probleem as waarmee die apostel Paulus in Romeine 9—11 worstel. „Ek vra dan: Het God miskien sy volk verstoot? Dit tog nie! . . . Wat die evangelie betref is hulle wel vyande, terwille van julle; maar wat die verkiesing

---

[15]) VOLZ, bl. 152.
[16]) CRAMER, bl. 28.
[17]) So ongeveer A. B. EHRLICH, Randglossen zur hebräischen Bibel. V, 1912 (aangehaal by CRAMER, bl. 46).
[18]) So ongeveer C. VAN GELDEREN, Het boek Amos. Kampen. Kok, 1933, bl. 279.

betref bemindes, ter wille van die vaders. Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik ... God het hulle almal in die ongehoorsaamheid ingesluit om almal barmhartig te kan wees" (Rom. 11 : 1, 28, 29, 32).

Die worsteling met die verkiesingsprobleem moet daar wees by „die volk van God," sodat hulle hulle beywer om hulle roeping en verkiesing *vas* te maak (2 Petr. 1 : 10). Want wat hulle betref, is hierdie sake maar baie los!

* *
*

Ewe merkwaardig, vol spanning, soos gelaai met die skrik oor die leeu op die pad, is die woorde van Amos oor *God en die kerk*, God en die openbare godsverering, God en die beoefening van die godsdiens deur die volk, God en die „vroom" mense. Israel in Amos se tyd was soos die Atheners in Paulus se dae „in elke opsig baie godsdienstig." Die heiligdomme in die land was talryk en word druk besoek. Die feesgangers stroom na die sentrale feesplekke (Bet-el, Samaria, Gilgal 4 : 4) en selfs na dié wat afgeleë is (Dan, Berseba 5 : 5, 8 : 14). Hulle is begerig en haastig om die meegebragte offergawes aan te bied, die altare rook gedurig van slag- en spysoffers, en dis nie die swak diere wat gebring word na die heiligdom nie (5 : 22); die tiendes word met graagte gebring: nie alleen die verpligte offers nie, ook die ekstra, die vrywillige offers, en hierdie besondere gawes word, seker saam met die name van hulle gewers, openlik afgekondig (4 : 5); die feeste word met geesdrif, met harpgespeel en psalmgesang gevier (5 : 23); die sabbatsrus word nougeset in ag geneem (8 : 5); en ook die jeug is vol godsdienstige geesdrif, hulle het die heilige name gedurig in die mond (8 : 13, 14). Voorwaar, dit was 'n godsdienstige volk!

Maar die profeet het daar nie die minste waardering voor nie. Hy spot daarmee, sy God is sat en moeg daarvan; God haat en versmaad hulle feeste, Hy kan die psalmgesang, daardie geraas (!), nie meer verdra nie. En in 'n gesig sien die profeet die Heer self staan by die altaar en sy onsigbare dienaar, 'n verderfengel, bevel gee om die kapitele van die pilare te slaan sodat die drumpels van die deure bewe, en die hele heiligdom bo die hoofde van die feesgangers in puin stort en die aanbidders verpletter (9 : 1) — Simsonswerk, maar nou in Israel se eie heiligdom, die Heer van die tempel word sy eie tempelverwoester.[19])

Waarom? Dit het tog so „na hulle sin" gegaan (4 : 5) in hulle kerk, die kerk het dan só gebloei. Waarom slaan God sy eie verering

---

[19]) Vergelyk ook 3 : 14 oor die verwoesting van die altaar.

in duie, en vernietig Hy sy eie aanbidders? Omdat die godsdiens vermenslik, de godsverering veruiterlik, die kerk verpolitiek is.

Die godsdiens was vermenslik: van bloedgeld en boetes, aan die armes ontpers, maak dié wat die regterlike en priesterlike ampte beklee hulle vrolik by die altare; onder die dekmantel van vroomheid vind drinkgelae en onsedelikheid plaas by die heiligdom (2 : 6—8). Die Sabbat word nougeset in ag geneem na die uitwendige — maar die gedagtes is by koop en verkoop en hoe eerder die geldmakery weer kan begin, des te liewer (9 : 5) En die kerk is vereenselwig met die staat; dis nie meer die huis van God waar die Woord van God oppermagtig is nie, dit het „'n koninklike heiligdom en 'n rykstempel" geword (7 : 13), waar die priesterskap as onderdanige dienaar van die staatsmag, die orde handhaaf. Baie skerp en juis het VOLZ[20]) die toestand geskets in ongeveer die volgende woorde:

Die priester het hom ingedring tussen God en die siel, die godsverering het onder sy leiding tot seremonie geword, tot 'n uiterlike gewoonte waarmee die mens hom tevrede stel, tot 'n oorkussing van die gewete. Die mens kom nog tot die altaar om vryspraak en beveiliging en om sy alledaagse bestaan te verseker — maar nie om God nie. Die mense wil altyd maar weer die ou gebruik; kerklike uitwendige vroomheid is altyd die gemaklikste en mees gerusstellende: hierin kan die mens leef na sy gewoonte, sonder dat sy hart verander word.

So word die stryd van die profesie 'n stryd nie tussen vroomheid en goddeloosheid nie, maar tussen die ware eise van God en menslike supervroomheid, tussen ware en valse geloof. Amos val die hoogheilige, deur die eerste priesters van die staat geleide godsdiens aan en verklaar dit anti-goddelik: „Soek nie Bet-el nie!" (5 : 5). En hy sê daarteenoor nie: Soek Jerusalem!" nie, maar: „Soek My", „Soek die HEER!"

Dit is die kern van die stryd tussen Amos en die priester Amasia (7 : 10—17); maar die priester wil dit nie verstaan nie en voer die stryd nie op geestelike gebied nie. Die priester verwar godsdiens en politiek. Hy beskuldig die profeet van 'n politieke vergryp: „Amos het 'n sameswering teen die koning gemaak." Net so het die vrome, huigelagtige volksleiers die aanklag teen Jesus op politieke gebied geskuif. Amasia, sê VOLZ, het die sonde teen die Heilige Gees begaan

Redding, lewe kan alleen daardeur kom, dat wat „tussenin gekom het," die uitwendige godsverering, die offerdiens, die mensewerk, weer verdwyn. Soos Paulus sy vroeëre Farieïsme en ywer vir die wet verwerp het. (Fil. 3 : 7 en 8), soos Luther wat daar tussen die Evangelie, die boodskap van die vrye genade, en die sondaarshart in-

[20]) t.a.p., bl. 146, 148.

gekom het, die eie werk, die monnikvroomheid, moes opgee èn opruim.

* *
*

As nou die tussenin-gekomene, die veruitwendigde, die verkerklikte vroomheid weggebreek is en die mens staan voor God self en sy regte eise, wat hoor hy dan? „Soek nie Bet-el nie, soek My!" (5 : 4—6). Wat beteken dit? Dit beteken: „Soek wat goed is, haat wat sleg is, handhaaf die reg in die poort!" (5 : 14, 15). Teenoor die priester-eis van vroomheid in kerkse vorme stel Amos die eis van die geregtigheid in die volkslewe. Van die feeste en offers en psalmgesang het God meer as genoeg—„maar laat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom!" (5 : 24). Belangriker as die relasie God en die kerk is vir Amos die relasie *God en die volkslewe.* Die sonde op sonde waarom die naderende onweer juis Israel so swaar sal tref, lê op die gebied van die regspleging en die verhouding jeens die behoeftiges onder die volk (2 : 6, 7). CRAMER noem die regspraktyk: daardie allergevoeligste plek in die volkslewe![21]) Dis seker nou nog die geval; maar in die dae van Amos, by die eenvoudiger maatskappy-vorm, was die regspraktyk en die volkslewe nog veel nader aan mekaar. Gedurig kom Amos op die gebrek aan geregtigheid terug. „Hulle weet nie om reg te doen nie." (3 : 10). Die weelderige vroue van die hoofstad dwing deur hulle uitgawes hulle hoë here om „die armes te verdruk, die behoeftiges hard te behandel." Die geregtigheid word teen die grond gegooi, die soet vrug van die reg in bitter wilde-als verander (5 : 7). Die arme man word vertrap, die behoeftiges weggestoot deur wie geroep is om die onkreukbare reg te handhaaf. Vryspraak is vir geld te koop. En die enkele dapper en onbedorwe handhawer van die reg word gehaat in die poort; hulle het daar 'n afsku van hom wat die waarheid spreek (5 : 10—12). Besigheidsgedagtes bederf die sabbatsrus van die siel; en was dit nog maar om eerlike besigheid te dryf, maar die maat word verklein en die prys of gewig verhoog, skuldemaak word aangewakker en goeie waar met slegte gemeng (8 : 4—6). En dit alles weens die hang na die grootheid van die lewe, die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë, die streling van die sinne in 'n lewe van genot en oordaad (6 : 1—7).

Die heilige verontwaardiging van die profeet vlam nêrens hoër op nie as wanneer hy hierdie ten hemel skreiende toestande onder sy volk blootlê. Want dit is die volk in wie se geskiedenis Gods hand so duidelik te sien is, en wat so 'n uitnemende leiding in geestelike en maatskaplike sake gehad het in die loop van sy bestaan (2 : 9—12).

---

[21]) t.a.p., bl. 159.

Dit is die volk wat deur beproewing op beproewing gegaan het — maar hulle wou niks leer nie (4 : 6—11). Die vonnis oor die volkere rondom met sy monotone skuldigbevinding (1 : 3—2 : 3), vind sy ewe sombere teenhanger in die klaagsang van 4 : 6—11 met die aanhoudend terugkerende verwyt: „nogtans het julle jul tot My nie beheer nie, spreek die HEER." Die maat is vol, die geduld verspeel, die vierskaar is gesete: „Maak jou klaar om jou God te ontmoet, Israel!" (4 : 12).

* *
*

En wat lê nou voor? Die prediking van Amos oor *God en die toekoms* is nie minder asembenemend as dié oor God en sy volk en God en die kerk nie. Israel het sy toekoms met gerustheid en vertroue tegemoet gesien. Veral in Amos se dae, die tyd van Jerobeam II, het dit gelyk of die dae van Dawid, wat betref die uitgebreidheid van die ryk na die Noorde, terug sou keer (II Kon. 14 : 25—28). Teen die ou vyand in die Noorde, die Arameërs, het Jerobeam bepaald sukses gehad. Veral oor twee stede se terugverowering was die blydskap groot (Lodebar en Karnaim, 6 : 13); miskien was dit die keerpunt in die oorlog gewees.[22]) Die nasionale trots (6 : 8) was daardeur aangewakker; en met 'n woordspel op Karnaim wat ook „horings" beteken, het hulle gepraal: „Het ons nie deur ons eie krag horings gekry nie!" Hulle voel hulle is op 'n hoogtepunt van nasionale magsontwikkeling, in staat om elke vyand neer te stoot.[23]). Daarby dan die besef van uitverkore volk te wees, en deur die „bloei" van die kerklike lewe verseker van die welbehae van God — geen wonder dat die toekoms lig lyk vir hierdie „eerste onder die nasies" (6 : 1). Hulle leef die toekoms tegemoet soos 'n feesdag,[24]) 'n oorwinningsfees. Soos op die dag van Midian (Jes. 9 : 3) die juk wat gedruk het, die stok wat geslan het, die roede van die drywer verbreek is, finaal en vir goed, so verwag die volk 'n groot dag in die toekoms, die dag van die HEER, die dag van vryheid en grootheid en lig. Dan word voor die oë van die hele wêreld openbaar wat Israel by God en God vir Israel beteken!

---

[22]) In die Afrikaanse Bybelvertaling kom hierdie name in hierdie teks nie voor nie. H. GRÄTZ het in 1887 (sien M. SEBÖK, Die syrische Uebersetzung der zwölf kleinen Propheten, Breslau, 1887) gesien dat hier twee stadsname uit die Noorde van die Oorjordaanse bedoel is, Lodebar wat II Sam. 9 : 4, 5 en 17 : 27 en miskien Jos. 13 : 26 genoem word en Karnaim of Asterot-Karnaim, Gen. 14 : 5 en I. Makk. 15 : 26 vermeld. Amos kies hierdie twee stede ook omdat hulle name as naamwoorde verstaan kan word, nl. as „onding, nietige ding" en „horings." Sowel BLEEKER as VAN GELDEREN verdedig hierdie opvatting. Dis jammer dat die Afrikaanse Bybelvertaling dit nie tot uitdrukking bring nie.

[23]) VAN GELDEREN, bl. 188.

[24]) CRAMER, bl. 156.

Die hoofdraers van hierdie toekomsverwagting was die „volkse", die patriotiese profete, sê VOLZ[25]). Daar was in die verlede 'n suiwere element in hierdie geloof en hierdie beweging gewees, 'n begeestering vir Israel en Israel se God. Maar die „volkse", die nasionale en die eiene, die selfsugtige het vir hulle al belangriker geword; so het wat as 'n seën bedoel was 'n vloek geword, ja 'n doodoorsaak vir die volk. En so word die egte profeet die felle bestryder van hierdie „valse" profete en hulle oormoedig-optimistiese toekomsverwagting.

Veilig op eie bodem? „Kyk, Ek laat dit onder julle kraak, soos dit kraak onder 'n wa wat vol gerwe is." Oorwinning? Dit word 'n smadelike vlug (2 : 13—16). Leeugebrul, strikke en wippe, alarmbasuingeskal, onheil sien en hoor Amos op die pad van sy volk; dis daarom dat hy profeet geword het, soos elkeen van sy volk dit moes hoor en sien en profeet word (3 : 3—8). Die altare word gekap, die paleise in puin gelê (3 : 14, 15), die weelderige vroue met hake in die neus, as gevange diere, in ballingskap gevoer (4 : 2). Negentig persent bedra die verliese (5 : 3)! Die groot dag van die toekoms, die dag van die HEER 'n fees om na uit te sien? Dit sal duisternis wees, donkerheid sonder enige ligstraal; in die donkerheid sal mens van die een verskrikking in die ander verval (5 : 18—20). 'n Angswekkende stilte heers soos by 'n ergste pes in die huise (6 : 9, 10). In 'n reeks van vyf visioene sien Amos plaag na plaag die geruste volk nader en bedreig. Mag twee daarvan op die voorbede van die profeet nog afgewend word; die derde nie meer nie: die skietlood word aangelê aan die mure van die volksgebou en dit word nie in orde bevind nie. „Ek sal hom verder nie verbygaan nie" (7 : 8). „Die einde het vir my volk Israel gekom" (8 : 2). Die heiligdom deur Gods eie hand verwoes, die aanbidders onder die puin, en daar is in hemel nòg doderyk, in vyandsland nòg op die bodem van die see ontkoming vir enigeen wat wil vlug nie (9 : 1—4). Die sondige koninkryk word verdelg van die aardbodem. Dit kom in Gods sif en dit bly daarin, alles vuil en klippe, geen koringkorrel om deur te val nie (9 : 9).

Oor die boek Amos lê die erns van die dood.[26]) Soos God vir ons onontkoombaar-aanskoulik word in die uur van die sterwe, so word Hy dit vir hierdie volk van Hom in die uur van sy ondergang.[27])

Maar dan kan dit nog sy behoud wees. Die doodsboodskap is die laaste sinjaal van God, soos die ligstraal van die vuurtoring wat die skip in sy uiterste nood bereik en 'n laaste kans op redding bring.[28]) Daar is 'n „miskien" van ontferming by God vir „die oorblyfsel van Josef" (5 : 15). Dat God sy boodskapper Amos nog stuur mag as bewys daarvan geld. „God nader nog eenmaal sy volk en spreek dit

[25]) t.a.p., bl. 154.
[26]) VOLZ, bl. 159.
[27]) CRAMER, bl. 172.

in sy laaste ure aan." [29]) Sal dit die keus van Ninive maak of van Jerusalem (Lukas 19 : 42)?

Die boek van Amos se profesieë eindig met 'n uitsig in 'n toekoms van heil (9 : 11—15). Sal die toekoms daar wees vir hierdie geslag, vir hierdie Israel? Dit skyn tog of Amos in 'n later periode van sy lewe, toe hy miskien weer skaapboer in Tekóa was, nog aan 'n ligte toekoms vir „Israel" geglo het en daarvan met 'n paar woorde gespreek het. Miskien het CRAMER gelyk as hy dit, worstelend met gedagtes sowel as woorde, so stel: „Die Israel van hede en die Israel van die toekoms het sy identiteit nie in homself nie maar in sy Skepper en Verlosser, wat sy verkiesing gestand doen, en sy verbond staande hou. Dit gaan by Amos nie om vaderlandse geskiedenis nie, dié vind in die ondergang van sy volk sy einde. Dit gaan om die doen van God, die Skepper en Verlosser; en sy doen hang nie af van die gedagtes van die mens daaroor nie en dit eindig ook nie met die einde van menslike denke of met die ondergang van 'n geslag nie." [30]) Ons kom weer nie verder as Paulus in Romeine 9—11 nie. Maar dit is seker ook ver genoeg as ons eindig in aanbidding: „O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!"

Tereg sê VOLZ teen die end van sy beskouing oor Amos: [31]) Wie onder ons vandag Amos hoor, tree voor God en God tree hom tegemoet.

B. GEMSER.